

## Philenoptera nelsii (voorheen Lonchocarpus nelsii)



*Philenoptera nelsii* blom in die lentemaande  
September en Oktober

E: Kalahari apple leaf or Kalahari omupanda  
A: appelblaar  
D: Apfelblatt  
H: omupanda

Die appelblaarboom neem in my hart 'n besondere plekkie in: ek ondervind hierdie boom as baie "vriendelik": die takke steek nie, daar's nie dorings wat 'n mens haak, vashou of krap nie. Onder die boom is nie baie afgestorwe takke of ander plante wat daar groei nie, jy kan vry beweeg, sodoende ideaal vir diere om in die skaduwee te rus.

Die appelblaarboom hou van diep sandgrond, is gewoonlik eenstammig en vorm 'n mooi kompakte boom met 'n ronde, digte kroon tot so 12 m hoog. Die bas is lig en skilfer in redelike klein stukkes af.



*blommekleed is gewoonlik ligpers en van veraf sigbaar, selde wit*



*groen peule lyk of die boom vars en nuwe blare het*

As al die ou blare afgeval het, gewoonlik in September / Oktober, trek hy sy laventekleurige lentekleed aan en as jy dan onder die boom staan, hoor jy honderde bye, hommels en ander insekte in die kroon, wat by die ertjie-agtige blommetjies 'n soetigheidjie soek. Die verlepte blommetjies val af en vorm naderhand 'n ligpers mat onder die boom. Duikers, steenbokkies en Damara dik-diks vreet graag hierdie blommetjies.

Na blomtyd verskyn die liggroen peule wat reguit ahang en aan die boom 'n heeltemal ander voorkoms gee. Die peule verkleur na strooigeel as hulle ryp word. So lyk die boom se kroon in die lente eers ligpers, dan liggroen, dan grasgeel en dan eers kom die blare uit en vorm 'n digte groen, ronde kroon. Aan hierdie boom se kroon kan jy duidelik die heersende seisoen sien.

In die herfs bly die blare nog lank groen tot in die wintertyd, en eers met die eerste ryp, so nie, teen die einde van winter, vergeel die blare, word droog en val af. BAIE diere tel dit dan veral in tye van nood op, dit is nog altyd goeie kos.

Die blare is eenvoudig, net sag as jong blaar, verhard dan ietwat, is baie stewig en breek nie maklik nie. Selfs die blare wat afval in laat winter bly nog lank "heel".



verskeie groeiseisoene se blare



in winter bedek die blare die grond onder en om die boom

Opvallend is dikwels dik en groot "klosse" in die bome. Dit groei op takke en is 'n soort van galvorming veroorsaak deur parasiete. Ongelukkig kon ek nog nie uitvind watter diertjies hiervoor verantwoordelik is nie. Al wat ek sien, is miere en syweefsel, dus is dit moontlik, dat een of ander myt daarvoor verantwoordelik is of luise, wat die miere aanlok met 'n soet afsondering. Hierdie vorm van galvorming word ook *heksebesems* genoem.

#### NUT EN GEBRUIKE in die natuur en vir die mens

Die blomme, peule en blare is goeie voer (soos baie van alle ertjiegewasse, waarvan dit ook familie is) Daar is bakterië, wat in simbiose met die boom gaan (wedersydse benutting). Die bakterië bind stikstof uit die lug en stel dit vir die plant tot beskikking. In ruil daarvoor woon die bakterië op die wortels van die plant. Die afgevalde blare bied kos aan diere, maar ook beskerming aan klein grondbewonertjies en is belangrik vir die organiese aandeel in die grond (humus).

Mense gebruik potlooddik takke as koustokke (tandeborsels).

Groenblare word as trekpleister op pitsere en swere gesit, teen verkoue en TB gekou.

Bas en wortels gekook in water gee 'n tee teen verkoue en borsandoenings.

Blare by melk gevoeg laat dit stol (Himbagebruik vir die maak van omaere).

Van die hout kan lepels gekerf word.

As boom in die tuin baie mooi! Moet water gegee word, is nie 'n woestynplant nie, en gooi in winter **baie blare**.



appelblaar met heksebesems



appelblaarboom met tipiese galvorming

#### Inligtingsbronne:

Le Roux an Mueller's Field Guide to Trees & Shrubs in Namibia (revised and expanded by Coleen Mannheimer and Barbara Curtis)

Heil-, Gift- und Essbare Pflanzen in Namibia (Eberhard von Koenen)

Teks en fotos: Anka Eichhoff